Maandbrief

Augustus 2008

Gemeente kontakbesonderhede:
Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 2953 / 021 981 0844 🕭 072 782 7508
🖷 021 981 2953 ✉ Posbus 122, Brackenfell, 7561
💻 pastoorleon@telkomsa.net 🌍 www.ags-ligenlewe.com

VAN DIE PASTOOR

Liewe gemeente

Die helfte van die jaar is verby en ons is vinnig besig om na die einde van die jaar se kant toe te staan. Dit laat my aan die woordjie tyd dink, Die Bybel sê: "koop die tyd uit". Maar tyd is die een ding in die moderne samelewing, waaroor ons kla. Ons het net nie meer tyd nie. Tog is tyd die faktor wat bepaal of sekere dinge gebeur of nie.

Net soos wat ons aan tyd verbonde is, is die wêreld ook aan tyd gekoppel, maar die wêreld se tyd kom tot 'n einde, terwyl ons tyd (wat aan Christus gekoppel is) net vir ewig aan sal gaan. Maar terwyl ek en jy nog hier is, kom ons gebruik die tyd en lig andere (wat nie aan Jesus se tyd gekoppel is nie) in, dat hul tyd uitloop.

Nou in Augustus gaan ons die hele maand gebruik om 'n "dial a friend" geleentheid te skep, waar jy mense kerk toe bring vir Jesus. Gebruik die geleentheid om mense vir Jesus te wen. Ek en jy het steeds die tyd en geleentheid om dit te doen. Gryp die geleentheid met albei hande aan. Kom ons wen die gemeenskap vir Jesus. Verdere inligting sal nog deur gegee word.

Ek wil net weer dankie sê vir elkeen se betrokkenheid en bydraes, hou so aan. Ons het elke hulpbron nodig sodat God se werk met gemak gedoen kan word. Ek het 'n e-mail van my oom by hierdie maandbrief ingesluit. Lees dit gerus.

God bless
Past. Leon

E-pos:

Ek het 'n woord vir die Kerk van Jesus Christus ontvang. Omdat dit oor God en die evangelie van Sy Koninkryk gaan en nie oor my nie, ag ek dit nie belangrik om my naam daaraan te koppel nie. Ek wil dit egter met groot agting vir ons God en Vader en met nederigheid aan u oordra.

Die mense van Suid-Afrika het vir jare godsdienstig geleef en God met hulle lippe gedien, maar hulle harte was vêr van Hom af. Hulle aanskou HOM van 'n afstand en het geen behae daaraan om nader aan HOM te leef nie. Hulle loop hardkoppig hulle eie pad en onderskei nie SY stem nie. Daarom het HY toegelaat dat Suid-Afrika en die regering van die dag, in die hande val van mense wat HOM nie ken of eer nie. Hulle regeer vanuit die ongeregtigheid van hul ongeloof, vandaar die misdaad, korrupsie, promiskuïteit. oneerlikheid en geweld wat in die land heers.

Die resultate van hierdie ongeregtigheid en die regering se versuim om God te eerbiedig, maak dat die mense van Suid-Afrika uiteindelik begin om GOD se teenwoordigheid te soek en na SY wil te vra.

GOD het die gebede van die opregtes van hart gehoor en is besig om die mense van SY kerk te suiwer van hul eie werke. Ons sien en beleef dit, want HY is besig om op groot skaal mense rondom ons, se lewens te verander en te vernuwe.

Dit wat nou in Suid-Afrika gebeur is nie toevallig nie. Mense wat spontaan in gebedsgroepe bymekaar kom en hulle voor GOD verootmoedig word deur SY Heilige Gees vernuwe. Die massas wat byeenkom om SY Woord te hoor, beleef die vernuwende krag van SY teenwoordigheid. **EN DIT IS MAAR NET DIE BEGIN**.

HY is 'n verhoudings-God. HY is nie tevrede met 'n stukkie van jou lewe en jou tyd nie. Jy moet geheel aan HOM oorgegee wees en in 'n verhouding met HOM staan. NIKS IN JOU LEWE MOET BELANGRIKER WEES AS DIE VERHOUDING WAT JY MET GOD HET NIE.

Maar, soos met Abraham, staan baie van ons nou by 'n altaar en vra HY van ons om die Isak in ons lewe op die altaar te plaas en hom offer. By meeste van ons is dit die **eie ek.** Ander worstel met tradisie en dit waarmee hulle groot geword het. Ander met denominasiolisme. Vir ander is dit bloot net die kwessie van godsdienstigheid. Vir ander is dit hulle kinders of hulle besittings. HY sal vir elkeen wat hierdie woord aanhoor self oortuig wat dit is wat op die altaar geplaas moet word. **GOD daag ons uit om ons Isak op die altaar te plaas**.

As ons hierdie stap neem is daar geen perke aan dit wat HY deur SY Heilige Gees vir SY kerk op aarde wil doen nie. Maar, SY koninkryk en rykdom is nie materiële dinge of aardse rykdom nie. SY koninkryk wat HY by ons en in ons wil vestig, is geestelike skatte. Dit is die gawes van SY Heilige Gees en die ware vryheid wat daar net deur wedergeboorte en geloof in Jesus Christus verkry kan word.

Die koninkryke en regerings van die wêreld is skepties oor GOD en SY werk op aarde. Hulle dink dat hulle sonder GOD kan regeer. Maar, hulle heers net omdat HY dit toelaat. HY sal hul ongeregtigheid nie vir altyd verdra nie en kan hulle enige tyd tot 'n val bring.

Die Kerk van Jesus Christus se primêre opdrag bly egter onveranderd. GAAN DAN HEEN VERKONDIG DIE EVANGELIE VAN JESUS CHRISTUS EN MAAK DISSIPELS VAN ALLE NASIES.

God is besig om Sy Kerk voor te berei om hierdie boodskap **met nuwe gesag uit te dra**. Sommige van ons sal selfs geroep word om hierdie boodskap aan die regering van die dag te gaan verkondig. **Is jy gereed om op SY roepstem te antwoord ?**

HY IS ONBESKRYFLIK GROOT EN BLY IN BEHEER VAN DIE HEELAL.

Huishouding

U het seker almal al die bakkie op die tafel by die ingang van die kerk gesien, met die eienaardige driehoekies in.

Baie mense het gesê dat hul graag wou bydraes lewer tot die welsyn, maar weet nie wat benodig word nie. Wel, die driehoekies was die perfekte oplossing. Dit bestaan uit 'n gevoude sakkie en 'n briefie met min of meer drie voorstelle op van wat benodig word. 'n Persoon kan dan een, twee of al die produkte op die strokie koop.

Hierdie metode werk wonderlik en ons wil weereens elkeen bedank wat reeds op hierdie manier bygedra het.

Baie dankie vir u samewerking.
Huishoudingspan

Nagmaal: 3 Augustus

Dagboek:

Julie 2008

Vrydag, 1 Augustus	*YES: Is daar vereistes om kind van God te wees?
Sondag, 3 Augustus	Nagmaal
Vrydag, 8 Augustus	*YES: Hoekom is ek hier?
Vrydag, 15 Augustus	*YES: Wat maak my anders van ander?
Vrydag, 22 Augustus	*YES: Hoekom is Jesus by net sekere mense?
Vrydag, 29 Augustus	*YES: Wat is sonde?
Sondag, 31 Augustus	Pannekoek aand

*Hierdie is die "topics" wat ons weekliks gaan bespreek vir Augustus. Dink daaroor en kom ons loop 'n pad saam: om geestelik te groei en met ander te kan deel waarin ons glo! Jesus is Koning!

Augustus is:

"DIAL A FRIEND"

maand.

Augustus is die maand om spesiaal moeite te doen om iemand saam kerk toe te bring.